BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Vrydag 3 Oktober 1980 — WINDHOEK — Friday 3 October 1980 — No. 4283

INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

No. AG. 142 Bekendmaking van 'n Versoek dat 'n Plaaspad Geproklameer word: Distrik Gobabis — 1

No. AG. 143 Bekendmaking van 'n Versoek dat 'n Distrikspad Geproklameer word: Distrik Gobabis — 2

No. AG. 144 Voorgestelde Sluiting van 'n Gedeelte van Grootpad 58: Distrik Gobabis — 3

No. AG. 145 Instelling van Bestuursvorme in Kleurlingdorpe 1965 (Ordonnansie 34 van 1965): — 4

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES:**

No. AG. 142 Notification of a Request that a Farm Road be Proclaimed: District of Gobabis — 1

No. AG. 143 Notification of a Request that a District Road be Proclaimed: District of Gobabis — 2

No. AG. 144 Proposed Closing of a Portion of Main Road 58: District of Gobabis — 3

No. AG. 145 Local Government in Coloured Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 34 of 1965) — 4

## Goewermentskennisgewings

kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 142 — 1980

### BEKENDMAKING VAN 'N VERSOEK DAT 'N PLAASPAD GEPROKLAMEER WORD: DISTRIK GOBABIS

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Gobabis versoek dat 'n pad in die distrik Gobabis geproklameer word soos in die Bylae hieronder beskryf en dat by die Administrateur-generaal aanbeveel word om genoemde pad tot plaaspad te verklaar.

## Government Notices

office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 142 — 1980

### NOTIFICATION OF A REQUEST THAT A FARM ROAD BE PROCLAIMED: DISTRICT OF GOBABIS

Under and by virtue of the provisions of section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Gobabis requests that a road in the district of Gobabis be proclaimed as described in the Schedule hereunder and that it be recommended to the Administrator-General that the said road be declared a farm road.

'n Sketskaart (nommer P1086) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (B op sketskaart P1086) op die plaas Moedhoop 655 algemeen suidweswaarts oor die plase Moedhoop 655 en Appelblaar 654 tot op 'n punt (H op sketskaart P1086) op grootpad 99 op laasgenoemde plaas (B-G-H op sketskaart P1086).

A sketch-map (number P1086) of the area concerned and on which the road to which the request refers, and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown shall for the full period of thirty days mentioned hereunder be available for inspection during normal office hours at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis.

Every person having any objection to the above request is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within thirty days from date of publication hereof.

SCHEDULE

From a point (B on sketch-map P1086) on the farm Moedhoop 655 generally south-westwards across the farms Moedhoop 655 and Appelblaar 654 to a point (H on sketch-map P1086) on main road 99 on the last-mentioned farm (B-G-H on sketch-map P1086).

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 143 1980

### BEKENDMAKING VAN 'N VERSOEK DAT 'N DISTRIKSPAD GEPROKLAMEER WORD: DISTRIK GOBABIS

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Gobabis versoek dat 'n pad in die distrik Gobabis geproklameer word soos in die Bylae hieronder beskryf en dat by die Administrateur-generaal aanbeveel word om genoemde pad tot distrikspad te verklaar.

'n Sketskaart (nommer P1085) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 143 1980

### NOTIFICATION OF A REQUEST THAT A DISTRICT ROAD BE PROCLAIMED: DISTRICT OF GOBABIS

Under and by virtue of the provisions of section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Gobabis requests that a road in the district of Gobabis be proclaimed as described in the Schedule hereto and that it be recommended to the Administrator-General that the said road be declared a district road.

A sketch-map (number P1085) of the area concerned and on which the road to which the request refers, and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown shall for the full period of thirty days mentioned hereunder be available for inspection during normal office hours at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis.

Every person having any objection to the above request is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within thirty days from date of publication hereof.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1085) op die plaas Audax 978 algemeen suidwaarts oor die plase Audax 978 en Moedhoop 655 tot op 'n punt (B op sketskaart P1085) op laasgenoemde plaas van daar algemeen suidooswaarts oor die plase Moedhoop 655 en Audax 978 tot op 'n punt (B 1 op sketskaart P1085) op grootpad 70 op laasgenoemde plaas.

No. AG. 144 1980

VOORGESTELDE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 58: DISTRIK GOBABIS

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 21(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Vervoer, voorstel dat 'n gedeelte van grootpad 58 soos in die bylae hieronder beskryf gesluit word.

'n Sketskaart (nommer 1086) van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel moet sodanige beswaar, met die grond waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf datum van publikasie hiervan indien by die Sekretaris van Vervoer, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000.

BYLAE

BESKRYWING VAN PAD:

Die pad beskryf as grootpad 58 in Bylae II van Proklamasie 36 van 1953 en by Proklamasie 15 van 1960.

GEDEELTE GESLUIT:

Van 'n punt (B op sketskaart P1086) op die plaas Moedhoop 655 algemeen suidweswaarts oor Moedhoop 655 en Appelblaar 654 tot op 'n punt (H op sketskaart P1086) op grootpad 99 op laasgenoemde plaas (B-G-H op sketskaart P1086).

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1085) on the farm Audax 978 generally southwards across the farms Audax 978 and Moedhoop 655 to a point (B on sketch-map P1085) on last-mentioned farm; thence generally south-eastwards across the farms Moedhoop 655 and Audax 978 to a point (B1 on sketch-map P1085) on main road 70 on the last-mentioned farm.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 144 1980

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF MAIN ROAD 58: DISTRICT OF GOBABIS

Under and by virtue of the provisions of section 21(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Secretary for Transport proposes that a portion of main road 58 as described in the schedule hereunder be closed.

A sketch-map (number P1086) of the area concerned indicating the road referred to in the proposal as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis.

Any person having any objection to the above proposal should lodge such objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days from date of publication hereof with the Secretary for Transport, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000.

SCHEDULE

DESCRIPTION OF ROAD:

The road described as main road 58 in Schedule II of Proclamation 36 of 1953 and by Proclamation 15 of 1960.

PORTION CLOSED:

From a point (B on sketch-map P1086) on the farm Moedhoop 655 generally south-westwards across Moedhoop 655 and Appelblaar 654 to a point (H on sketch-map P1086) on main road 99 on the last-mentioned farm (B-G-H on sketch-map P1086).

No. AG. 145 1980

INSTELLING VAN BESTUURSVORME IN KLEURLINGDORPE 1965 (ORDONNANSIE 34 VAN 1965):

Dit het die Administrateur-generaal behaag om ooreenkomstig die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 van die Ordonnansie op die Instelling van Bestuursvorme in Kleurlingdorpe 1965 (Ordonnansie 34 van 1965), saamgelees met die toepaslike bepalings van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977), soos gewysig, die Regulasies insake Raadplegende Komitees in Kleurlingdorpe soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 151 (S.W.A.) van 15 Augustus 1966, te wysig soos uiteengesit in die Bylae hiervan.

BYLAE

Regulasie 14 word hierby gewysig deur —

(a) in subregulasie (1)(i) die woorde *agenda-, spesiale- of* in te voeg na die woord *agtereenvolgende* waar dit daarin voorkom; en

(b) 'n nuwe subregulasie (k) in te voeg na subregulasie (j), naamlik:

(k) *'n lid vir meer as drie maande agterstallig is met die betaling van enige munisipale rekenings wat deur hom verskuldig is.*

No. AG. 145 1980

LOCAL GOVERNMENT IN COLOURED TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965 (ORDINANCE 34 OF 1965)

The Administrator-General has been pleased in terms of the powers vested in him by section 4 of the Establishment of Local Government in Coloured Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 34 of 1965), read with the appropriate provisions of the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 3 of 1977), as amended, to amend the Regulations Relating to Consultative Committees in Coloured Townships as published by Government Notice 151 of 1966 (S.W.A.) as set forth in the annexure hereto.

ANNEXURE

Regulation 14 is amended herewith by —

(a) the insertion of the words *agenda, special, or* after the word consecutive where it appears in subregulation (1)(i); en

(b) the insertion of a new subregulation (k) after subregulation (j) viz:

*(k) a member who is in arrear with the payment of any municipal accounts due by him for more than three months.*